# 5 Junie 2023 - Lesing 40 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Lucifer en sy afval van God **–** 25/10/57

**NO: 6954** My plan van ewigheid af gaan oor die terugbring van die geestelike wat My teëstander aan hom vasgeketting het **na sy neerstorting in die diepte**, **na sy afval van My en sy rebellie teen My**. My teenstander het as eersgeskape wese uit My Liefde voortgekom. Ek het hierdie wese na My ewebeeld geskape, en daarna het hy in onvoorstelbare volheid van lig en krag, buitengewoon magtig en wys My ter syde gestaan. Hy was die geluksaligste skepsel, omdat My Liefde hom onophoudelik deurstraal het, die hoogste geluksaligheid geskenk het en aanhoudend gepoog het om hierdie geluksaligheid vir hierdie wese te vergroot. My oerwese was weerspieël in hierdie wese wat deur My geskape is, behalwe dat hy vir My sigbaar buite Myself geplaas is, **terwyl die wese My nie self kon aanskou nie.**

Maar hy was op hoogte van My, hy het geweet dat Ek hom laat ontstaan het en dat hy die gelukkig-makende liefdeskrag van My ontvang het. Want Ek het self hierdie kennis aan My ewebeeld oorgedra, omdat Ek Self 'n uitruiling van ons gedagtes met hom wou bewerkstellig, omdat Ek hom ook die vermoë gegee het om die "woord" te verstaan wat in hom as gevormde gedagte weerklink het en dat hy dit nou ook kon beantwoord en gevolglik het ’n gelukkig stemmende uitwisseling tussen ons plaasgevind, ter wille waarvan Ek die wese laat ontstaan het. Want My oneindige Liefde het vir Haar 'n weerklank gesoek. Sy het vir Haarself 'n houer gesoek waarin Sy Haarself kon uitstraal. Sy het vir Haarself 'n voorwerp gesoek wat haar gelukkig kon maak, sodat Sy die mees geluksalige bestaan kon voorberei.

Hierdie plan was wel van ewigheid af deur My ontwerp, maar dit het altyd die vraag oopgelaat of hierdie wese ook by My plan sou aansluit, **want hy was in volkome wilsvryheid geskape en deur My as 'n selfstandige wese buite My geplaas,** wie ook oor homself kon besluit. Alhoewel My gedagtes in die vorm van die woord in hom weerklink het, tog was die wese nie gedwonge om te dink en wil soos Ek nie.

Hy het die vermoë besit om My woord van alle kante te oorweeg. Hy kon dus eiemagtig vir homself aan ’n woord 'n betekenis gee wat Ek nie daarin geplaas het nie. Maar hy was alleen maar daartoe in staat gewees sodra hy 'n verkeerde verhouding met My, met sy God en Skepper, sou aangeknoop het, terwyl hy ten volle in ooreenstemming was met My in sy denke en wil, terwyl hy homself vir My oopgestel het in toegewyde liefde om My liefdestraal te ontvang. Maar juis van hierdie vermoë was die wese ook bewus en het **daarom probeer hoe die situasie sou wees by die afstoting van My liefdeskrag, om nou, heeltemal sonder beïnvloeding te wees, om sy gedagtes te kan vorm volgens sy eie wil.**

Hierdie pogings het eers plaasgevind **na 'n eindelose tyd** van onbeperkte saligheid wat My Liefde vir die wese voorberei het. En in hierdie tyd van die innigste gemeenskap van die eersgeskape wese met My, was hy tot so 'n mate skeppend besig gewees, **dat hy ontelbare wesens in die lewe geroep het,** want daardie drang na uitwisseling, na voorwerpe wat sy liefde kon ontvang, was ook in hom teenwoordig as teken van My ewebeeld en daarom het Ek voortdurend die wese onafgebroke voorsien van die krag wat nodig was vir die skepping. Toe die wese egter die eerste pogings onderneem het om My toestromende lewenskrag af te weer, het die proses van verkeerde denke nou ook begin, **en tydelik het die krag om te skep afgeneem.** Maar die wese het ook die minder word van die geluksaligheid gevoel en wend homself weer in suiwer liefde tot My, sodat Ek hom weer gelukkig kon maak soos voorheen, sodat die skepping van hoogs volmaakte wesens ook weer verder kon gaan.

**Maar die tydelike onderbrekings het toegeneem**. Want die wese het steeds weer self oorweeg of hy nie in staat sou wees om sonder My dieselfde te verrig en te skep nie en het homself ook op die proef gestel met sy skeppende werksaamheid, **deurdat hy homself vir 'n tyd lank van My geïsoleer het**, dus vir My ook die toevoer van liefdeskrag verhinder het en het nogtans sy aanwesige krag tog gebruik om wesens geheel en al **volgens sy wil** te skep, wie dan ook al iets van sy wil in hulleself gedra het. Maar dit was maar net kortstondige pogings, en hy het na My teruggekeer om die vreugde van My liefdeskrag te ervaar.

*(word vervolg)*